

Gereformeerde Kerk Bellville – 10 April 2016 – Aand

Sing vooraf staande: Skrifberyming 8-1:1, 2 (14:1, 2)

- 1 “Water sal ek op hul sprinkel, / water uit ’n springfontein.”
En van alle onreinhede / was die HEER sy volk dan rein.
“Nuwe harte gee ’k aan julle, / en Ek gee ’n nuwe gees;
’k sal die hart van klip verwyder, / aan jul gee ’n hart van vlees.
- 2 “’k gee my Heil’ge Gees aan julle, / wat die krag verleen en trou
om te wandel in my weë / en my wet te onderhou.
En jul sal die land van seën / deur my seën weer verkry
waar ’k ’n God sal wees vir julle, / jul ’n volk sal wees vir My.”

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 96:1, 5 (p. 480)

- 1 Sing vir die HEER ’n nuwe lied! / Die aard’ se verste perke/ moet jubel oor sy werke,
en Hom die lof en hulde bied; / moet uitroep en verwag / sy heil van dag tot dag.
- 5 Gee aan sy Naam die hoogste eer. / Bring aan uit alle lande / sy tempelofferande;
buig daar in heil’ge kleding neer! / Die aarde – al wat leef, / moet voor Hom skrik en beef.

Gebed

Skrifberyming 8-2:5, 6, 7(13:5, 6, 7)

- 5 “Dan stort Ek met ’n groot geluid / die Gees se reënstrale uit,
jul seuns en dogters, dan nie meer / van spraak ontbloot, sal profeteer.
- 6 “Jul kinders, uitsiend op die wag, / sal vergesigte sien by dag;
jul grysaards, in hul krag al loom, / die allerskoonste drome droom.
- 7 “Ook op die knegte en maagde, vry / om My hul dienswerk toe te wy,
stort Ek my Gees in mildheid neer, / en almal sal hul profeteer.

Skriflesing: Johannes 3:1-21; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 3 en 4, Artikel 12

Kernvers: Johannes 3:6-8

Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees. Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het, julle moet weer gebore word nie. Die wind waai waar hy wil, en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar hy kom en waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is. (Johannes 3:6-8 AFR53)

Dordtse Leerreëls

Hoofstuk 3 en 4, Artikel 12

Dit is die wedergeboorte, die nuwe skepping, die opwekking uit die dood en die lewendmaking, waarvan die Skrif so heerlik spreek wat God sonder ons in ons werk. Dit alles word glad nie deur die uiterlike prediking alleen, deur morele oorreding of op soortgelyke wyse in ons gewerk nie, sodat na die voltooiing van God se werk, die mens die mag sou hê om weergebore te word of nie, om bekeer te word of nie. Dit is ’n volkome bonatuurlike, baie kragtige en tegelyk baie aangename, wonderlike, verborge en onbeskryflike daad van God. Volgens die getuigenis van die Skrif wat deur Hom, die Outeur van hierdie werking geïnspireer is, is dit deur sy krag wat nie minder of geringer as die

skepping of as die opwekking van die dooies is nie. Die gevolg is dat almal in wie se harte God op hierdie wonderbaarlike wyse werk sekerlik, onfeilbaar en kragdadig weergebore word en daadwerklik glo. Dan word die wil wat nou vernuwe is nie alleen deur God gedryf en beweeg nie, maar omdat dit deur God gedryf word, werk dit ook self. Daarom word ook tereg gesê dat die mens deur die genade wat hy ontvang het, glo en hom bekeer.

'n Verduideliking by artikel 12

Die eerste sin wat ons in hierdie artikel bely, is 'n terugskouing op wat ons in artikel 11 bely. In artikel 11 is die fokus op die rol van die Heilige Gees in die wedergeboorte. Die Heilige Gees wat die verstand van die mens verlig om die evangelie te hoor en te verstaan, wat die harde hart van die mens oopbreek, sag maak en besny, en wat nuwe eienskappe in die wil van mens instort, dit is die wedergeboorte (Tit 3:5). Dit word in die Skrif ook genoem die nuwe skepping (2 Kor 5:17; Efes 2:10), die opwekking uit die dood (Rom 6:4) en die lewendmaking (Rom 6:13; Efes 2:5).

Artikel 12 fokus op die wedergeboorte self – dit wil sê, hoe die wedergeboorte gebeur. Ons sluit die eerste sin van hierdie artikel af met die woorde **wat God sonder ons in ons werk**. Dit wil sê, die mens doen niks om God te help sodat hy self weergebore word nie.

Die Remonstrante was van oordeel dat die Here die mens net so 'n bietjie moet aanspoor en adviseer oor wat vir hom beter sal wees. God doen die aansporing met die prediking en morele oorreding. As God die mens so aangespoor het, dan sal die mens self in beweging kom en hom bekeer. Daarom bely ons hierdie tweede sin: ***Dit alles word glad nie deur die uiterlike prediking alleen, deur morele oorreding of op soortgelyke wyse in ons gewerk nie, sodat na die voltooiing van God se werk, die mens die mag sou hê om weergebore te word of nie, om bekeer te word of nie.***

Nou is die vraag: Wat is die wedergeboorte dan? ***Dit is 'n volkome bonatuurlike, baie kragtige en tegelyk baie aangename, wonderlike, verborge en onbeskryflike daad van God.*** Die wedergeboorte is bonatuurlik – dit word van bo af gedoen en kan nie van onder af deur die mens bewerk word nie. Die wedergeboorte is 'n baie kragtige daad sodat die mens geensins iewers in die proses kan sê dat hy nie weergebore wil word nie. Die wedergeboorte is nie dwingende geweld wat dit onaangenaam maak nie, maar 'n aangename werk van God. Dit is wonderlik, daarom kan dit nie verklaar of begryp word nie. Dit is 'n verborge daad van God. Niemand sien wanneer en hoe die Heilige Gees die wedergeboorte skenk nie. En dit is 'n onbeskryflike daad van God – die wedergeboorte as daad kan nie ontleed word nie.

Die wedergeboorte wat op so 'n bonatuurlike wyse deur die Heilige Gees bewerk word, is volgens die getuienis van die Skrif nie minder of geringer as die skepping of as die opwekking uit die dood nie. Toe God geskep het, het niks en niemand Hom gehelp nie. Hy het net gespreek en wat Hy gesê het het tot stand gekom. Toe Jesus vir Lasarus uit die dood opgewek het, kon Lasarus nie die kragtige werk van God weerstaan of teenwerk nie. Die kragtige werk van die Heilige Gees tydens die wedergeboorte is net so kragtig soos God se skeppingswerk of sy werk wanneer Hy dooies lewendig maak.

Gevolgtrek word almal beslis, onfeilbaar en kragdadig weer gebore en glo hulle daadwerklik wanneer God op hierdie wonderbaarlike wyse in hulle werk. Dan gebeur dit dat die wil wat vernuwe is nie net beweeg omdat dit deur God gedryf en beweeg word nie. Die wil begin ook self werksaam word. Die wil van die mens kom in pas met God se wil en wandel saam met God. Daarom sê ons dat die mens deur die genade wat hy ontvang het, glo en hom bekeer.

Tema: Die noodsaak van weergeboorte

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, elke mens wat die ewige lewe wil verkry in die koninkryk van God, moet weer gebore word. Al word 'n mens uit Christenouers gebore, al is 'n mens gedoop en al word so 'n mens getrou grootgemaak in die kerk beteken dit nie dat hy nie weer gebore hoef te word nie. Al bestudeer jy die Bybel ywerig en al kan jy lang gedeeltes daaruit woordeliks aanhaal, beteken dit ook nie dat jy nie weer gebore moet word nie.

Jesus het self gesê:

Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie. (Johannes 3:3 AFR53)

Hierdie woorde het Jesus nie vir 'n heiden gesê nie, maar vir Nikodemus. Nikodemus was onder die indruk dat hy, wat as 'n Jood in die verbond gebore is, reg van toegang het tot die koninkryk van God. Hy is ook nie sommer net 'n gewone Jood nie. Hy is immers 'n Fariseër wat hom daarop toelê om die Skrif van God te bestudeer. Maar Jesus pluk die mat onder sy voete uit en sê reguit vir hom: Nikodemus, dat jy 'n Jood is wat in die verbond gebore is en grootgeword het, dat jy 'n toegewyde student van die Skrifte is, gaan absoluut niks vir jou beteken nie. Jy moet weer gebore word. Net iemand wat weer gebore is kan die koninkryk van God ingaan. Sonder die weergeboorte is 'n mens geestelike dood al lewe jy liggaamlik. En die mens wat as 'n geestelik dooie mens uiteindelik sterf, sal vir ewig verlore gaan.

Wanneer Jesus sê: **Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees**, dui Hy die groot verskil tussen die liggaamlike geboorte en die geestelike geboorte van 'n mens aan. Met die woord *vlees* verwys Hy na die mens se natuur soos wat dit geword het na die sondeval. Omdat Adam gesondig het, word alle mense in sonde ontvang en gebore. Hulle word as vyande van God gebore in die ryk van die duisternis. Daarom is dit vir die mens onmoontlik om homself aan die Here te onderwerp in gehoorsaamheid.

So oulik as wat 'n klein babatjie vir ons is, is daar in hom nie die geringste toenadering tot God nie. Alhoewel die mens liggaamlik springlewendig is, is hy geestelik dood. Daarom moet die Heilige Gees geestelike lewe skenk aan die mens sodat hy 'n kind van God kan word.

Aan die weergeboorte kan 'n mens absoluut niks doen nie. Jesus sê dit self vir sy dissipels 'n bietjie later in Johannes 6:

Dit is die Gees wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie; die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe. (Johannes 6:63 AFR53)

In die 83-vertaling hoor 'n mens dit nog duideliker:

Dit is die Gees wat iemand lewend maak; die mens self kan dit nie doen nie. (Johannes 6:63 AFR83)

Hierdie wonderbaarlike werk wat die Heilige Gees in die mens met die evangelie van Christus doen, word nie verniet weergeboorte genoem nie. Dit is immers 'n werk wat God in ons en sonder ons doen. Wanneer 'n mens liggaamlik gebore word, is hy verseker by die geboorte betrokke – dit is immers hy wat gebore word – maar hy vervul geen aktiewe rol by sy geboorte nie. Die mens is geheel en al passief by sy geboorte – hy word gebore. As 'n kind in die wêreld kom, kom daar iets wat vroeër nie daar was nie.

Wanneer die Heilige Gees die geestelike lewe aan die mens skenk en die mens word weer gebore, vervul die mens geen aktiewe rol nie. Dit is die Heilige Gees wat weer-geboorte skenk aan die mens sodat die mens geestelik lewendig kan wees. Aangesien die mens nie homself geestelik lewendig kan maak nie, word die mens nooit in die Bybel beveel om weer gebore te word nie. Nêrens staan daar in die Bybel: Mens, jy moet jouself weer gebore laat word nie. Daar staan wel geskryf dat die mens hom moet bekeer en glo, maar weergeboorte skenk die Heilige Gees alleen.

Daarom sê Jesus vir Nikodemus:

Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het, julle moet weer gebore word nie.
(Johannes 3:7 AFR53)

Jesus stel die noodsaaklikheid van die weergeboorte baie sterk wanneer Hy sê: **Julle moet weer gebore word.** Weergeboorte is nie iets wat maar kan gebeur nie. Dit moet gebeur anders bly die mens geestelike dood.

Net voordat ons by die vraag kom wat almal in hierdie stadium outomaties gaan vra, moet ons net eers by die volgende vraag stilstaan: Aangesien net die Heilige Gees alleen weergeboorte kan skenk en die mens geen aktiewe rol daarin het nie, wat beteken dit vir ons wanneer ons die evangelie van Christus aan ander mense verkondig? Ons weet tog, want ons bely dat die weergeboorte nie deur die uiterlike prediking alleen gebeur nie. Dus is dit nie ons verkondiging van Christus se kruis en opstanding as sulks wat die weergeboorte by ongelowiges gaan veroorsaak nie.

Moet 'n mens nou maar wag totdat die Heilige Gees die weergeboorte aan iemand geskenk het voordat 'n mens die evangelie aan 'n ongelowige bring? Nee, dit kan tog nie gebeur nie. Die evangelie van Christus is juis die gereedskap wat die Heilige Gees wil gebruik om die weergeboorte aan ongelowiges te skenk. Jesus stuur juis sy dissipels uit met die opdrag om te gaan verkondig. Of die Here aan iemand die weergeboorte gaan skenk en aan wie Hy dit gaan skenk, het niks met die verkondiger self te doen nie. Hy moet maar net sy opdrag gaan uitvoer. En hy doen dit biddend: Here, maak my gewillig en bereid om deur u Gees die opdrag uit te voer. En omdat ons weet wat met iemand sal gebeur wat nooit weer gebore word nie en sterf, bid ons ook ernstig dat die Heilige gees die weergeboorte sal skenk sodat hierdie mense geestelike lewendig kan word en ewig lewe tot eer van God.

Laat ons nou terugkeer na daardie brandende vraag: Hoe kan 'n mens weet of hy weer gebore is? Om die antwoord op hierdie vraag te kry, luister wat sê Jesus:

Die wind waai waar hy wil, en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar hy kom en waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is.
(Johannes 3:8 AFR53)

'n Mens kan nie die wind sien nie, jy kan dit nie beheer nie en jy kan dit nie verstaan nie. Die wind gaan na waar God dit stuur. Maar 'n mens kan die uitwerking van die wind sien. Die takke in die bome beweeg heen en weer. So is dit ook met die Heilige Gees. Geen mens kan die Heilige Gees beheer nie – nie die mense wat die evangelie van Christus verkondig nie en ook nie die mens aan wie die Heilige Gees die weergeboorte wil skenk nie. Die Heilige Gees werk in die mense waarheen die Vader en die Seun Hom stuur wanneer God wil. Die uitwerking van die Heilige Gees se heerlike en heilsame werk in die hart van 'n mens word nie heel eerste aan die uiterlike van die mens gesien nie. Daardie mens self kom eers in sy binneste agter dat hy nie meer dieselfde mens as vroeër is nie.

So 'n mens dink nie meer so baie van homself soos voorheen nie. Vroeër het hy gemaak wat hy wil en hy het nooit daaraan gedink dat hy miskien verkeerd kan wees in sy optrede nie. As Hy voordeel uit sy optrede kan kry, was dit vir hom reg. Of hy nou ander mense daardeur benadeel het, het aan hom niks gemaak nie.

Omdat so 'n mens geestelik lewendig gemaak is, het sy oë oopgegaan sodat hy sy eie lewe in die lig van God se heiligheid en regverdigheid kan beoordeel. Dan eers kom hy agter dat sy lewe van vroeër die ene sonde was teen niemand anders as die heilige God self nie. Daarom bely so 'n mens sy skuld teenoor die Here onomwonde.

Omdat so 'n mens se wil nou met nuwe eienskappe vernuwe is, begin hy in pas met die Heilige Gees te lewe. Hy verlang daarna dat die vrug van die Gees al groter in sy lewe sal groei sodat liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing die eienskappe van sy lewe is. Omdat so 'n mens die nuwe lewe van die Heilige Gees ontvang het, is dit vir hom ook 'n vreugde en 'n lus om die Here te behaag met 'n lewe wat getuig van liefde teenoor God en sy naaste.

Luister ook na hierdie uitwerkings wat Johannes in sy eerste brief noem. Dit is maar twee van baie uitwerkings wat die weergeboorte in 'n mens se lewe het.

As julle weet dat Hy regverdig is, dan weet julle dat elkeen wat die geregtigheid doen, uit Hom gebore is. (1 Johannes 2:29 AFR53)

Iemand wat geregtigheid doen, is iemand wat gehoorsaam leef aan die geboorte van die Here omdat God regverdig is.

Elkeen wat in Hom bly, sondig nie. Elkeen wat sondig, het Hom nie gesien en Hom nie geken nie. Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore.

(1 Johannes 3:6, 9 AFR53)

Wag so 'n bietjie, sal ons nou almal sê. As dit beteken dat 'n weergebore mens nie sondig nie, en geen sonde doen nie en nie kan sondig nie, dan moet ek ernstig begin wonder of ek weer gebore is. Johannes praat egter nie hier van 'n sondelose lewe nie, want so iets sal geen gelowige in hierdie lewe bereik nie. Maar iemand wat weer gebore is, hou nie aan met sonde doen nie. So 'n mens vlug met die krag van die Gees weg van die sonde af. En as hy agterkom dat hy wel gesondig het, bely hy dit voor die Here en smee om vergifnis in die Naam van Jesus Christus sy Verlosser.

'n Ander vraag wat ook by baie gelowiges leef: Moet 'n mens kan sê wanneer die weergeboorte by 'n mens plaasgevind het? Daar is gelowiges wat wel min of meer so 'n datum kan aandui omdat die Here hulle in hulle volwasse lewe die weergeboorte geskenk het. In die Bybel is daar ook baie sulke gelowiges – daardie mense wat in hulle volwasse lewe Jesus Christus as Verlosser leer ken het. Paulus is so 'n voorbeeld. Maar wat Paulus of hierdie ander gelowiges in die Nuwe Testament betref – hulle weergeboorte word nie as die norm voorgedra dat alle weergeboortes so moet plaasvind nie. Wie dit beweer wil die Heilige Gees in sy werk beheer en dit kan ons mense nie doen nie.

Adam en Eva is die enigste twee mense wat as volwassenes op die aarde begin lewe het omdat God hulle as volwassenes geskape het. Maar ons kan nie verwag dat alle mense hulle bestaan op aarde as volwassenes moet begin nie. God wil die begin van mense se bestaan op aarde nie meer so doen nie. Daarom het Hy die eerste man en vrou geseën

met vrugbaarheid en hulle die opdrag gegee om te vermeerder. Die normale manier waarop die Here nou mense skep, is deur 'n man en 'n vrou te gebruik in die huwelik. Die vrou word swanger en dit gebeur heimlik, nie eers sy self weet wanneer dit gebeur nie. Sy kom net later agter dat sy swanger is. Vir 'n tyd lank groei daardie kindjie buite die sig van mense se oë. Uiteindelik word die kindjie gebore. En dit neem jare voordat daardie kindjie dan ook volwasse is.

Die Heilige Gees kan en het al die weergeboorte aan kinders geskenk. Dit gebeur so stilweg dat nie eers die persoon self agterkom wat aan die gebeur is nie. Mettertyd kom hy maar net agter dat daar 'n verandering in hom is wat hy nie kan verklaar nie, maar waarvoor hy die Here dank. Dit beteken nie dat so 'n mens al volwasse in die geloof is nie. Geloof is 'n verhouding met die Here wat al inniger groei hoe meer 'n mens die Here leer ken. Maar wanneer 'n mens se wil vernuwe is en jy het een maal ondervind hoe goed die Here is, wil jy nog meer van Hom leer om Hom nog beter te eer en te dien.

Geliefdes, weergeboorte is die werk wat God die Heilige Gees in die mens en sonder die mens doen. Waar Hy weergeboorte skenk, is daar niks en niemand wat dit kan keer nie. En die mens aan wie God die weergeboorte geskenk het wil homself bekeer en glo, want die Heilige Gees het sy wil nuut gemaak met eienskappe wat Hy in die mens ingestort het. Ons sien nie hoe die Heilige Gees die weergeboorte skenk nie, maar ons sien die resultaat van sy werk, waarvoor ons die Here alleen kan loof en dank.

Amen!

Slotgebed

Formulier by die bevestiging van ouderlinge en diakens

Psalm 20:1, 4 (p. 90)

- 1 O, mag die HERE u verhoor / in dag van nood en stryd!
En mag die Naam van Jakobs God / u dek in oorlogstyd!
- 4 Mag Hy, die ryke God, u gee / al wat u hart verlang!
Vervulling van wat u beraam – / mag u dié guns ontvang!

Psalm 119:10, 40 (p. 588)

- 10 Weer my voet van leuenpaaie / en verleen my, HEER, u wet,
my wat kies die weg van waarheid / en wat U verorden het.
Gee my hoop, en ek sal lewe, / troos, en weg is my gekwel!
Gaan met weldaad voor, dan volg ek, / dan betrag ek u bevel.
- 40 Troos my nou met u beloftes; / teëspoede druk my neer.
Laat my offers – my gebede – / U behaaglik wees, o Heer!
Of my lewe al in gevaar is, / of die dood my al bedreig –
'k kan u wette nie vergeet nie, / so 's my hart daartoe geneig.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
10 April 2016